Amos oor die ampte en die kultus (erediens): die betekenis vir vandag

J.L. Helberg
Skool vir Bybelwetenskappe en Bybeltale
Potchefstroomse Universiteit vir CHO
POTCHEFSTROOM

Abstract

Amos on the offices and the cult: the meaning for us today

In this article Amos' attitude towards the offices of king, priest and prophet is explored against the background of the rest of the Old Testament. The conclusion arrived at is that the institutions/offices/ services should be instrumental in enabling people to function according to their individuality and as beings created in the image of God: beings created to be free and responsible. Amos does not call for the abolishment of the offices, but these offices are, however, shaken to their very foundations by Amos' prophecies. The intended result of Amos' words is that office bearers should realise that God called them personally; they have not merely been called institutionally. Office bearers should thus radically reform and adjust their approach. Faith should be God-centred and should have a heart for the material and spiritual needs of people, including the needs of the members within the own circle of believers, as well as that of others. In conclusion, some relevant aspects within the Reformed Churches in South Africa are brought to the fore.

1. Inleiding

Hoe staan Amos teenoor die destydse ampte van koning, profeet en priester, insluitende die tempel met sy kultus? Hierdie vraag word na vore gebring deur Amos se fel kritiek op die tempeldiens en die geïnstitueerde instansies. Het Amos se benadering vir ons vandag iets te sê, veral gesien die huidige wêreldwye neiging na gesagsverskuiwing en demokratisering? (Toffler, 1990:1).

"Ons" in die titel dui op veral Gereformeerdes, bepaaldelik Gereformeerdes in "Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika". In ander gereformeerde kerke word ook weer opnuut oor die ampte gedink. Volgens De Klerk (1988:2) verkeer die ampte tans in 'n identiteitskrisis weens sekularisme, spiritualisme en demokratisme en ook op grond van indifferentisme by die ampsdraers self deurdat daar nie erns gemaak word met die amp se verhouding tot God nie. Du Toit (1998:14) skryf ten tye van die Algemene Sinode van die Nederduitse Gereformeerde Kerk: "'n Vraag voor die kerk: moet kerklike ampte verander?"

Ek wil aantoon dat volgens Amos die godsdiens die hele lewe beslissend moet beïnvloed, ook en veral in al die vertakkinge van 'n mens se alledaagse bestaan, verhoudinge en behoeftes. Alleen ampsuitoefening en erediensbeoefening wat hieraan diensbaar is, het volgens hom werklik bestaansreg. Soos die "oorblyfsel" van Israel moet (die benadering van) die ampte as 't ware deur die dood gaan.

2. Amos se klem op die persoonlike/individuele

Wat as kenmerkend van die ballingskapse tyd en later gestel word – aspekte soos groter institusionele openheid, die beklemtoning van die woordelement en die persoonlike element (vgl. Albertz, 1992b:376, 386, 556-561), is reeds by Amos minstens in kern aanwesig. Amos se persoonlike roeping was deurslaggewend vir sy benadering van God en mense. Hy was in die eerste plek deur Jahwe geroep – 'n roepingswyse wat ver bo die letter van die ou verbondsreg uitgegaan het (Van Leeuwen, 1985:19-26). Verder was slegs een ding beslissend vir Amos se optrede as profeet: op grond van 'n heel besondere belewenis het hy besef dat hy persoonlik deur God geroep is om die oordeel oor Israel aan te sê (7:15).

Amos se roeping gee aan sy optrede die aard van 'n getuienis. Hierdie getuienis behels meer as 'n belydenis wat net op waarhede of leerstellings konsentreer, veral as tydlose dinge. Amos reik uit na mense in hulle omstandighede; hy pas die waarhede of leerstellings daarop toe en toets hulle daaraan. Dit doen hy byvoorbeeld met Israel se benadering van hulle verkiesing en hy bevind Israel te lig (3:2; 9:7). Amos praat uit ervaring en hy is persoonlik betrokke by wat in die samelewing aangaan. Hy laat 'n getuienis uitgaan deur ook self uit te gaan en iets buite die geslote elite-kring te gaan doen. Sy getuienis vloei nie voort uit 'n blote subjektiewe belewenis nie, maar uit 'n geroep wees deur God om te gaan sê wat Hy aan Israel te sê het. Amos se getuienis is gekoppel aan Goddelike openbaring, of die Goddelike Woord. Immers, "Die Here God doen niks as Hy nie sy besluit bekend gemaak het aan sy dienaars die profete nie" (3:7).

Die persoonlike roeping van Amos gee verder aan sy optrede die eienskap van gesag – 'n eienskap wat die betekenis van "oorweldigend" sowel as "oorweldig wees" impliseer. Die feit dat Amos persoonlik geroep is, gee aan sy optrede ook 'n dimensie van dringendheid. Hy is onweerstaanbaar getref soos deur die gebrul van 'n leeu en moet daarom onvoorwaardelik en dringend sy opdrag gaan uitvoer (3:8; 7:15). Al is hy nie 'n profeet nie, hy moet gaan. Die openbaring of die Woord is situasiegerig, maar nie situasiegebonde nie. Mense word deur God in hulle alledaagse situasie en behoefte aangespreek, maar dan volgens die verantwoordelikheid wat vir hulle daarin geld: hetsy dat iets daarin aangepak en bevorder moet word, hetsy dit beveg en verander moet word. Die onweerstaanbare en dringende aard van Amos se roeping maak dat hy nie kan terugsit nie, selfs al word hy aangeraai om dit te doen (7:12).

Die persoonlike aard van Amos se roeping gee verder aan Amos 'n vryheid van optrede wat hom laat uitbreek uit die gebondenheid van die sterk formele, veral die formeel kultiese ampsuitoefening van sy tyd (4:4-5; 5:4-5, 21-25). Sy vryheid loop egter tegelykertyd saam met 'n sterk verantwoordelikheid teenoor God deur wie hy geroep is (3:8; 7:15). Die persoonlike roeping maak die verantwoordelikheid dus nie kleiner nie, maar groter. Dit sit die amp nie opsy nie, maar benadruk die lewende, soepele en situasiegerigte aspek daarvan, soos blyk uit die feit dat Amos die profetiese amp uitdruklik erken (2:11; 3:7).

Amos se persoonlike roeping bring ook mee dat hy 'n sterk betrokkenheid by sy medegelowiges het (4:1; 5:1-3; 24; 6:4-6; 8:5-6). Dit gaan vir hom nie net om 'n band met God, of om 'n formele verbondenheid aan 'n statiese verbondsgroep nie (9:9-10), maar om 'n gemeenskapsbeoefening van gelowiges onderling, 'n inklusiwiteit – niemand moet uitgesluit wees van dié voorregte of regte nie. In noue aansluiting hierby verleen die roeping van Amos ook 'n sterk dimensie van gebed aan sy optrede. Hy tree nie staties en formeel op nie en aanvaar die verloop van dinge nie maar as iets meganies nie; hy pleit vir Israel (7:2, 5). Dit gaan ten diepste om die welsyn van alle lede, trouens om reg en geregtigheid teenoor alle mense (5:24; vgl. die aanklag teen die nasies dat hulle onreg teenoor ander gepleeg het – Am. 1-2; vgl. ook 9:7). Dit gaan dus om universaliteit.

Amos se beklemtoning van die persoonlike element in sy roeping en in die lewe as geheel gaan gepaard met 'n beklemtoning van persoonlike verantwoordelikheid sonder aansien van persoon en amp. Amos staan voor God/Jahwe, die Almagtige, die Skepper en Regeerder (4:5; 5:8, 15, 27; 6:14; 8:8-9; 9:2-7) wat reg en geregtigheid eis sonder aansien van persoon. Andersyds word dié wat reg en geregtigheid in die weg staan,

sonder aansien van persoon deur God veroordeel, ongeag watter amp so iemand ook al beklee, soos in die geval van die priester Amasia (Am. 7).

Die besondere manier waarop Amos geroep is, laat blyk dat die ampte in hulle gewone funksionering nie die enigste manier was waarop God gewerk het nie (vgl. ook Kloppers, 1988:9 en Prinsloo, 1988:24-26, 37 oor die feit dat daar in die Ou Testament nie ’n klinkklaar skema oor die ampte is nie). Die Ou Testament bevat meer voorbeelde daarvan. By die oorbring van die verbondsark na Jerusalem toe voer koning Dawid byvoorbeeld priesterlike handelinge uit (2 Sam. 6:17-18) hoewel daar in die Ou Testament ’n skerp onderskeid gemaak is tussen die koningsamp en die priesteramp. Trouens, ook by hierdie geleentheid van die vervoer van die verbondsark het God skerp gelet op die stiptelike nakoming van die vereistes in verband met die dra van die ark en dus van die beoefening van die kultus (2 Sam. 6:6-15). By die vroeëre poging om die ark te vervoer, is Ussa met die dood getref omrede hy aan die ark geraak het om te verhoed dat dit val. By ’n later geleentheid is koning Ussia met melaatsheid gestraf omdat hy priesterlike funksies uitgeoefen het (2 Kron. 26:16-21).

Die verklaring vir hierdie optrede van Dawid lê in wat bekend staan as die “amp van die gelowige” (vgl. Kloppers, 1988:21). Ten diepste beklee alle mense die genoemde ampte omdat almal die beeld van God is (Gen. 1:26). So was dit by die skepping van die mens. Die besondere ampte/dienste het later bygekom en is bedoel om die “amp van die gelowige” beter tot sy reg te laat kom, nie om dit uit te skakel of met die bedoeling dat dié wat ampte/dienste beklee, gelowiges van ’n hoër orde is nie (vgl. Van der Linde, 1983:7-9; Kleynhans, 1988:166-169; Spoelstra, 1989:26-31 vir die ampte se dimensie van diens). Abraham, die vader van alle gelowiges, en Moses, deur wie God sy gebooie gegee het, het byvoorbeeld nie ampte beklee nie, al sou hulle as grondleggers van die ampte gesien kan word. Dit geld veral Moses. Die eintlike bedoeling is dat die gelowiges ’n koninkryk van priesters moet wees (Eks. 19:5-6; vgl. ook 1 Pet. 2).

Deur die sonde en gebrokenheid van hierdie lewe is so ’n direkte verhouding egter te oorweldigend. Israel se reaksie op die Godsverskyning by die afkondiging van die Tien Gebooie te Sinai wys dat bemiddeling nodig is (Eks. 20:18-19). Hierdie bemiddeling het egter ten doel om gelowigewees tot sy reg te laat kom. Daarom is die funksie van die bemiddeling dienend, nie heersend of plaasvervangend nie. Koning Dawid se uitoefening van priesterlike funksies vorm deel van ’n atmosfeer waarin hy sy eenheid en gelykheid met die volk beleef en demonstreer. Hy dans saam met hulle voor die verbondsark – tot ontsteltenis van sy vrou

(2 Sam. 6:14-22). Dawid tree hier dus op in ’n atmosfeer van die “amp van die gelowiges”. By koning Ussia se optrede ontbreek so ’n atmosfeer egter heeltemal. Daar is nie ’n soepele hantering van die ampte nie, maar ’n ingryping op die terrein van ’n ander, ’n beslaglegging daarop vir eie magsdoeleindes, ’n magskonsentrasie in een persoon. Daarmee kom nie alleen die ander ampte in die gedrang nie, maar ook die vryheid van die gelowiges en dus die “amp van die gelowiges”.

Amos tree op as pleitbesorger vir die belange van die gewone mense. Hy doen dit teenoor dié wat ampte beklee en daarom gesag en mag het. Hy beklemtoon egter nie demokratisering in die sin dat hy die gewone mense mobiliseer om op hulle regte aan te dring nie. In die Ou Testament is dit nie ’n kwessie van gesag vir óf die een óf die ander, óf ampsmag óf volksmag, nie. Demokratisering in die sin dat die volkswil die norm word, is teen die gees van die Ou Testament (vgl. byvoorbeeld die geskiedenis van die goue kalf by Sinai in Eks. 32:1). Die profeet Amos lê ’n ander klem as ’n beleid van verampteliking. Binne so ’n beleid het die amptelike en formele hantering van sake so ’n monopolie dat toegang daartoe onmoontlik is – behalwe vir ’n elite-groep. Ander persone kan nie ’n oor daar vind nie. Amos lê ook ’n ander klem as dié wat geld in ’n demokratisering waarin die grille van die volkswil die botoon voer. Hy beklemtoon dat elkeen in die gemeenskap persoonlik teenoor God verantwoordelik is en dat elkeen se persoonlike behoeftes in ag geneem moet word. Amos verabsoluteer nie een van hierdie benaderings nie, maar stel albei diensbaar aan die persoonlike roeping voor God. Dit gee persoonlike vryheid en eis verantwoordelikheid vir die gelowige/mens as enkeling sowel as deel van die groep.

Die geskiedenis van die verskuiwing van die verbondsark word opgevolg deur dié waarin God weier dat Dawid vir hom ’n tempel bou (2 Sam. 7; vgl. vir die ontstaan en samestelling van hierdie Skrifgedeelte verskillende artikels in OTWSA, 1984/85; Hentschel, 1992; vgl. oor die inhoud Helberg, 1990). Ook in hierdie weiering gaan dit daarom dat God nie ingebind moet en kan word nie; nie in ampte nie, ook nie in ’n amptelike ruimte of in ’n amptelike struktuur nie. Hierdie feit blyk uit die verwysing na die volgende aspekte in die beskrywing van hierdie gebeurtenis: God is die vrye regeerder oor die regering van nasies, soos Egipte uit wie se mag Hy sy volk bevry het, en dus oor die geskiedenis (2 Sam. 7:6, 9-11); Hy is verder by sy gelowiges in die alledaagse lewe, soos buite in die veld by die skape (2 Sam. 7:8-9). So oefen Hy sy vrye heerskappy uit en dit mag op geen manier ingeperk word nie.

Amos het ’n geesgenoot in die skrywer van Psalm 15: “Wie het die reg om in u tempel te kom?” Hier word geen vereistes oor die erediens self gestel nie; wel oor die lewe daarbuite. Tog kom die bidder tempel toe.

Hier word dus nie ’n teenstelling of skeiding tussen die tempeldiens en die daaglikse lewe gemaak nie, maar inteendeel, die geïntegreerdheid van die twee word benadruk. Ten diepste gaan dit ook by Amos hierom. Sy besondere roeping is nie om die kultus of erediens en die betrokke ampte af te kraak nie, maar om die volk tot introspeksie oor die ware betekenis van die erediens en ampte te bring.

Die duidelike afbakening in ampsfunksies enersyds, en die soepelheid in die grense daarvan andersyds, blyk ook uit die besondere aanstelling van die kinders van Asaf deur Dawid. Volgens 1 Kronieke 25:1-3 was hulle mense wat onder begeleiding van liere, harpe en simbale as profete opgetree het in die dank en die lof aan die Here.

Die aard van Amos se roeping raak ook sy perspektief op vyandskap en vyande, iets wat by Israel oorvereenvoudig en geformaliseer is – soos by ander nasies destyds en vandag. Mense buite die eie groep word maklik onpersoonlik gesien en benader en sonder meer gestigmatiseer, veroordeel en as vyande beskou. Ook Amos werk met die gedagte van oordeel, maar nie ’n formeel benaderde en uitgewerkte oordeel nie. Volgens hom sal die dag van Jahwe juis verrassend en ontnugterend op die volk van God self toeslaan, omdat Israel in ’n formalistiese benadering van die lewe, die godsdiens en die medemens vasgevang is. Hierdie dag van straf sal totaal vernietigend oor Israel aanbreek. Die boek Amos veronderstel ’n algehele nuwe begin of vernuwing, met algehele nuwe grense, anders as dié wat Israel tussen mense en nasies getrek het.

Amos se sterk persoonlike, nie-formele, benadering maak dat hy minder beoordeel en veroordeel volgens formele afbakening van groeperinge. Enersyds staan hy minder veroordelend teenoor die heidennasies as Israel (9:7). Andersyds staan hy meer veroordelend teenoor die verbondsvolk. Hy staan ook meer veroordelend teenoor die persone wat ampte beklee as teenoor die armes en hulpeloses wat uit die aard van die saak nie in ’n amp staan nie en daarom geen mag en invloed het nie. Amos rig hom dus teen oormatige formaliteit en amptelikheid, want dit neig na ’n oorvereenvoudigde beoordeling van mense en sake volgens bepaalde groepe of kategorieë of nasies. Dan word een persoon of groep maklik verontskuldig bloot omdat hy tot die “ware” groep behoort, terwyl ’n ander een maklik veroordeel word omdat hy nie tot die “ware” (= eie) groep behoort nie.

Die boek Amos verkondig iets soortgelyks aan die onverwagte optrede van God volgens die loflied van Hanna in 1 Samuel 2:1-10. God se bestier kan nie in formules en strukture vasgevang word nie. Hy laat dinge heeltemal anders verloop, selfs teenoorgesteld, as wat mens sou

verwag: “Die onvrugbare bring sewe in die wêreld, die een met baie kinders kwyn weg”. Die boodskap in hierdie loflied is dat ’n mens God nie formeel moet inperk volgens menslike indelings en groeperings en strukture en meen dat Hy daarvolgens sal optree nie. ’n Mens moet verder alle selftevredenheid aflê, erns maak met God se andersheid van optrede; jou bekeer, afsien van jou natuurlike wense en wil en jou deur die Woord laat leer.

3. Amos se verhouding tot die konings, die profete en die priesters

3.1 Amos se verhouding tot die konings

Volgens een benadering oor die plek en betekenis van die koningskap in die Ou Testament was koningskap ’n vreemde en vyandige begrip; volgens die ander het die koningskap sentraal gestaan. Robberts (1987:377, 380, 386; 393 voetnoot 20) wys daarop dat die stemme van die pro-monargiste nie in die redaksieproses van die Bybelboeke verwyder is nie. Die kritiek op die koningskap het slegs ten doel om enige regeringsvorm te relativeer wat beskou word as dié enigste vorm wat deur God gesanksioneer is. Die ideologie van koningskap verwag van die koning om geregtigheid te bevorder. Minstens in die vorm wat ons die profetiese verkondiging het in die godsprake van Amos (9:11), Hosea (3:5), Miga (5:1-5), Jesaja (8:23-9:6; 11:1-9, 10; 32:1-8); Jeremia (23:5-6; 33:14-22) en Esegiël (34:23-31; 37:24-28), stel hulle ’n toekomstige Dawidiese monargie in vooruitsig. Hier moet wel bygevoeg word dat die monargie in vooruitsig gestel word as een met ’n nuwe aard (Am. 9:11-12).

Die Bybelskrywers het die monargie gesien as die pilaar van nasionale bestaan en die kern van Israel se historiese ervaring, veral saamgetrek in die Dawidslyn, omdat die tyd van Dawid en Salomo ’n glorieryke tyd in Israel se bestaan as nasionale volk was (Talmon, 1986:37, 164). Selfs die profete wat skerp krities teenoor hulle eietydse nasie en konings was, het nêrens ander sosiale en politieke instellings in die plek van die bestaandes aangebied nie (vgl. byvoorbeeld Miga 4:4-5). Daar is blywende verwagtings met Dawid verbind en later op die Messias gefokus (Barth, 1991:189; 218-220). Die betekenis van die koningskap kan nie bloot uit sosiologiese faktore verklaar word nie, want God het dikwels juis teen die wense van die volk gehandel.

Die verlies van die staat is aan religieuse oorsake gewyt en die volk en konings is daarvoor geblameer (Grabbe, 1992:143, 145). Watter funksies die koning teen hierdie tyd nog oorgehad het, is nou laat vaar of oorgedra na die hoëpriester wat ’n al belangriker figuur geword het.

Volgens Hanson (1987:493, 499) is die koningskap diep in die denke van baie Jode ingegraveer en is die verwagtings van herstel verbind met die tempel. Daarin verloor die koningskap egter sy betekenis en die verwagtings word nou verbind aan die Persiese konings wat gesien word as die regeerders deur God verkies. Daar moet vir hulle gebid word en hulle moet gehoorsaam word in alle gewone burgerlike sake in ruil vir die vryheid om in getrouheid aan die Tora van Moses te kan leef (Esra 1:2; 6:4, 22; 7:27-28; 9:9; Neh. 2:8, 9, 18).

Die geskrifte van die ballingskap sentreer wel nie in die koningskap nie, maar veronderstel tog die herinstelling daarvan (Gerbrandt, 1986:193). Slegs die aard van die koningskap is in gedrang. Die profete het in al hulle kritiek op die onderdrukking van die armes nooit die rol van die konings hierin benadruk nie. Die profesie het in die na-ballingskapse Israel verskillende vorme aangeneem (Grabbe, 1992:144), waarvan sommige die priesterlike gesagsorde gesteun het (Haggai; Sagaria) en ander dit gekritiseer het (gedeeltes van Trito-Jesaja). Hierdie profete het die "offisiële" regeerderskap geopponeer sowel as ondersteun, soos Nehemia.

Alles in ag genome, het die koningskap in die geheel gesien 'n ambivalente aard gehad. Enersyds was daar positiewe en aantrekkende elemente, andersyds negatiewe en afstotende elemente.

'n Koning het gewoonlik 'n belangrike rol te speel teenoor die vyand. Dit is ook die geval dwarsdeur die Ou Testament. Die Vroeëre sowel as die Latere Profete en ook die Psalms is vol daarvan. Aan die begin van die Psalms (vgl. Ps. 2) word daarop gewys dat die konings van die aarde teen Jahwe en sy gesalfde in opstand is en hulle juk wil afgooi. Die koning, wat deur Jahwe gesalf is, deur Hom as sy seun aangeneem is, verydel egter hierdie strewe van die konings van die aarde.

Hoe staan Amos teenoor die koningskap? Amos teken God nie as koning nie; trouens Hy word min kere in die Ou Testament koning genoem, en dan byna uitsluitlik in nie-prosagedeeltes (Soggin, 1971: 915-916; Seybold, 1984:947). Amos sien Jahwe as God wat uit Sion brul (1:2), met die onweerstaanbare effek soos dié van 'n leeu (3:8; vgl. ook Jer. 25:30 – God se oordeel oor Israel en die nasies; Hos. 11:10; Joël 3:16 – redding vir Israel). God is nie beperk tot die stad of berg Sion, of tot die heiligdom daar nie, maar heers ver en wyd; ook oor velde, die natuur, die reën, ensovoorts. Hy is 'n God wat aktief en in beheer is.

In ooreenstemming met die stelling van Gerbrandt (1986:193), benadruk ook Amos nie die rol van die koning in die onderdrukking van die armes of in die ander sondes nie. Die houding teenoor die koningskap soos dit

implisiet in die slot van Amos na vore kom, benadruk die volgende: Amos 9:11-12 praat oor ’n herstel van die vervalle hut van Dawid soos in die ou tyd en van Israel as oorwinnaar oor wat van Edom oor is. Hier word egter tegelykertyd ’n situasie verkondig waarin die Naam van Jahwe ten goede oor die nasies uitgeroep is, ’n situasie van universele redding. Die koningskap en die oorwinning oor die vyande sal dus van ’n ander aard wees (vgl. Helberg, 1999:281-283; Smith, 1989:282-283; Preuss, 1992:322-323). Enersyds sal (die nasionale) Israel die volk van Jahwe wees wat in sy land geplant is (9:15); andersyds sal dit ’n situasie van meer as gewoon aardse voorspoed en vrede wees. Dit sal ooreenstem met die verbond met Noag waarvolgens die seisoene sal bly bestaan, en met die paradystyd waarin daar nie ’n stryd tussen mens en bodem is nie. In die slot van Amos word dus eerder na ’n gekorrigeerde Dawid en koningskap verwys.

Dus kan daar uit die boek Amos net afgelei word dat die koning geregtigheid moet laat geskied; veral deur die volk God se wil/Woord voor te hou, soos by die inwyding van die tempel in Salomo se gebed waarin uitgegryp word bo die tempel en kultus (“selfs die hoogste hemel kan U nie bevat nie, hoe dan nog hierdie tempel wat ek vir U gebou het!”, 2 Kron. 6:18; “Maar as julle wegdraai van my voorskrifte … sal Ek julle wegdryf uit my land wat Ek vir julle gegee het, en Ek sal hierdie tempel … wegvee, 2 Kron. 7:19-22).

3.2 Amos se verhouding tot die profete

Die profete het nie ’n enkele instelling uitgesonder en verantwoordelik gehou vir die sosiale patologie van hulle tyd nie. Daar was eerder ’n algemene wanhoop oor menslike instellings. Die hele nasie was korrup (Am. 9:8; Frick, 1977:227, 229-231). Dit gaan ook nie op om een besondere laag van die bevolking as voorwerp van die profete se kritiek uit te sonder, soos byvoorbeeld die aristokrasie teenoor die boerebevolking nie. Aan die een kant rig die profete hulle teen die hoër stedelike klasse oor hulle sosiale en religieuse sondes, maar aan die ander kant teen die landelike plekke van aanbidding, die hoogtes. Daar is dinge wat buite ’n mens se eie moontlikhede lê en daarom moet ’n mens bewus wees van jou afhanklikheid van God (Ps. 27). Volgens Zobel (1982:296) wil Amos nie as beroepsprofeet gesien word nie, maar as vrye profeet. God het hom “weggeneem”, sê Amos. Sy roeping en opdrag is inhoudelik en wat tydspan betref, beperk.

Daar is gevalle waarin Jahwe nie die voor die hand liggende persone tot die profetiese amp roep nie, maar ander persone en op ander maniere as die gewone, soos by Samuel en Jeremia (1 Sam. 3; Jer. 1:4-8). God bring hiermee baie sterk tuis dat Hy ’n heeltemal nuwe begin gaan maak,

omrede die onwaardigheid van die huidige persone wat die funksies vervul.

In Amos se geval raak dit nie net die persoon wat geroep word nie, maar ook die aard van sy amp. Amos is nie ’n profeet soos die ander nie (7:18; vgl. Hasel, 1991:41-47; Smith, 1995:139-141; Andersen & Freedman, 1989:777-779 oor standpunte insake hierdie probleem). Hy kry nie sy gesag bloot omdat hy ’n bepaalde amp beklee nie, maar omdat hy op ’n besondere manier deur die Here persoonlik geroep is. As dit van homself en van sy opleiding en ervaring sou afgehang het, sou hy mense met vee en wildevye gevoed het, maar nou is hy onder ’n Goddelike verpligting om die besondere Goddelike boodskap vir die besondere omstandighede te bring.

Hierdie besondere roeping van Amos impliseer nie dat die amp van profeet geringgeskat word, soos lank deur baie verklaarders gedink is nie (Albertz, 1992a:268). Amos se roeping is wel ’n afwysing van die siening dat die amp vasgevang is in formele of strukturele amptelikheid en dat dit afgesonderd is van gewone mense en die gewone daaglikse lewe. Hierdie amptelikheid hou mense op ’n afstand en daar is nie ’n wisselwerking, gelykheid en diens nie. In hierdie opsig kan saamgestem word met Reimer (1992:233-234) dat die klem op geregtigheid lê. Reimer oordeel egter te kategories as hy sê dat die oordeel die strukture wat vir hierdie sosiale misstande verantwoordelik is, sal beëindig. Hier geld wat Mays (1974:159) uit ’n ietwat ander hoek stel: Amos benadruk die Goddelike soewereiniteit in Israel se teologiese tradisie en is daarom sowel erfgenaam as skepper, sowel gebonde as vry (vgl. verder Koenen, 1994:271-273 oor die herderlike benadering by latere redaktore).

Hier moet bygevoeg word dat die boek Amos die gesindheid van dié wat die ampte beklee, net so radikaal benader as die “oorblyfsel” (vgl. Hasel, 1991:112-116 oor standpunte insake die oorblyfsel). Israel benader die oorblyfsel as iets gerusstellends: ’n oorblyfsel sal darem gered word. Die boek Amos benader dit as iets onheilspellends: daar sal kwalik ’n oorblyfsel wees; dit moet dwarsdeur die dood gaan (3:12; 5:14-15; 9:9, 11-15). So benader Israel die ampte as ’n waarborg vir Israel, maar die boek Amos sien in die ampsuitoefening ’n gevaar. Die ampsbenadering moet heeltemal vernuwe. Die ampte moet gesien word as iets waarin die Goddelike inisiatief en optrede oorheers, soos in die persoonlike gegrepenheid in Amos se roeping wat sy posisie so anders as dié van die ander profete maak. Sy roeping spel dus in die diep en radikale sin van die woord uit: reformeer!

3.3 Amos se verhouding tot die priesters

Die profetiese polemiek is nie gerig teen die offer en die kultiese verering van God as sodanig, soos dikwels ten onregte gemeen is nie, maar teen 'n godsdiens waaruit geen etiese dien van God in die alledaagse lewe voortvloei nie (Albertz, 1992a:268; 275-276; vgl. ook Soggin, 1987:100 oor die leeue-aandeel van dié wat die reg moet handhaaf, m.a.w dié in amptelike posisies). Anders as volgens die offisiële teologie in die agste eeu, was daar volgens die destydse profete vir Israel geen magstoename meer verbonde aan die uitbreiding en toeneem van die mag van Jahwe nie. Inteendeel, Jahwe se hele historiese mag was teen Israel gekeer. Die bestaan van die eie staat is bevraagteken.

Amos het felle kritiek teen Israel se feeste en offers: "Ek haat julle feeste … Moes julle vir My die veertig jaar in die woestyn diereoffers en graanoffers bring, Israel?" (5:25; vgl. Rottzoll, 1996:188-192 oor die vraag of hierdie gedeelte redaksioneel is). Amos bots met die hoëpriester van Bet-El, veral omdat die kultus geformaliseer en geoutomatiseer is as iets waarmee tyd en gebeurtenisse as 't ware gemanipueer kon word. Priesters het hulleself gesien as die bepalers van die seisoene/tyd en voorspoed (Daleen Heyns, 1997a:32-36; 1997b:238-244).

Die vraag is met watter amp Amos eintlik bots in sy botsing met die priester oor die gevaar van sy verkondiging vir die koning en die land (Am. 7). Is dit met die koningsamp of met die priesteramp? Die priester was trouens eintlik in diens van die staat. Die antwoord hierop moet eerder lui dat Amos met die uitoefening van al die ampte bots. Hy eis 'n regverdige regering in die koningskap, priesterskap en profeetskap; en 'n regverdige uitoefening van "die amp van die gelowige". Amos roep almal sonder uitsondering op om reg en geregtigheid te beoefen, in besonder dié wat in magsposisies is.

4. Amos se kyk op die wyses – genade en verantwoordelikheid

Oor die algemeen word van die bestaan van die genoemde drie ampte in die Ou Testament uitgegaan. Oor die plek wat die wysheidsleraars ingeneem het, bestaan daar verskil van mening. In die boek Amos kom wysheidsleraars nie pertinent ter sprake nie. (Vir die moontlike wysheidsinvloed in 'n redaksie van die boek, vgl. Van Leeuwen, 1985:19 wat meen dat 'n direkte invloed van die wyses op Amos nie te hoog aangeslaan moet word nie.)

Brueggemann (1972:13-28) sien wel 'n belangrike rol vir die wysheidsleraars in die Ou Testament en wy onder meer 'n hoofstuk aan "The wise man as a model for ministry". Daarin suggereer hy dat die taak van die wysheidsleraars aanvullend tot die bekende drie ampte gesien moet word. Hy (1972:46-47, 60-63) meen dat veral die Protestantisme te veel klem gelê het op verlossing deur genade alleen, ten koste van 'n beroep op menslike verantwoordelikheid. Volgens hom is dit ons taak in die kerk vandag om 'n teologie geskik vir konings te ontwerp: konings met mag, welvaart, tegnologie en verstedeliking. Dit sal nie deug om vir hierdie nuwe konings 'n teologie te herhaal wat geskik is vir die koning van die tiende eeu nie; daar is egter miskien bronne in hierdie tradisies wat verwaarloos is in ons toewyding aan die kategorieë van 'n ander moment in die geskiedenis.

Brueggemann (1972:113) pleit dat die kerk meer gebruik moet maak van spesialiskennis op die breë spektrum van die daaglikse bestaan.

> It does require skills appropriate to a ministry of reflection and consultation not usually central to a ministerial repertoire. These include skill in program and resource development, conflict management, process management, and such related competences that have no narrow, peculiar 'religious' concern, though they are not without a theological dimension.

In 'n latere artikel (1991:136-138) wys hy op verskillende modelle in die Ou Testament, naamlik (1) 'n pre-monargiese model as "'n nuwe kerkbegin"; (2) 'n monargiese model as 'n tempelgemeenskap, en (3) 'n naballingskapse model as 'n teksgemeenskap. Ons het volgens hom veral baie te leer van die derde model omdat ons situasie baie ooreenstem met die situasie van daardie tyd. 'n Beweging weg van tempel na teks vereis 'n heroorweging van ons maatskaplike plek, van die bronne waarop ons kan en moet reken en van die werk wat ons moet doen in verband met die infrastruktuur wat grootliks ineengestort het.

In aansluiting by Brueggemann se stelling oor "uit genade alleen" kan ons daarop wys dat die wysheidsliteratuur menslike verantwoordelikheid inderdaad sterk beklemtoon, maar dat dit ewe-eens op die allesbepalende mag van God wys (vgl. byvoorbeeld Spr. 10:22; 16:1, 9; 19:21); wysheid begin met die dien van die Here (Spr. 1:7; 9:10). Verder lê Amos klem op verantwoordelikheid, veral wat reg en geregtigheid betref, maar dit gaan vir hom om die vertrapping van die genade van God deur Israel. Hulle laat nie die verbondsverhouding tot sy reg kom nie. Jahwe se ontferming in antwoord op Amos se voorbidding vir Israel laat egter die grondelose ontferming en genade van God duidelik na vore

kom. In die slot van die boek val die volle nadruk selfs op die gedagte van “uit genade alleen”.

5. Amos se betekenis vir die (kerklike) ampte vandag

5.1 Die verhouding tussen gister en vandag

In die Ou-Testamentiese bedeling was Israel die besondere volk van God en was daar ’n nouer verbintenis tussen die staatkundige lewe, soos byvoorbeeld die koningskap, en die geestelike (“kerklike”) lewe as in die Nuwe-Testamentiese bedeling. Hierdie artikel handel oor die ampte alleen in sover dit laasgenoemde aspek betref, dit wil sê die kerklike dienste. Wat eersgenoemde betref, kan hier volstaan word deur te vermeld dat die kerk die volk van God uit alle tale en nasies is (Matt. 28:19; Joh. 4:23; Hand. 1:8), die vrug van gehoorsaamheid aan die koningskap van God (Heidelbergse Kategismus, 21:48). Die kerk is uniek en staan nie onder die gesag van ’n aardse koning of regeerder nie (Spoelstra, 1989:4-5; Du Plooy, 1982:112-113; Van der Walt, 1976:28-84; Van der Linde, 1983:7-8). Daar moet wel deur die kerklike ampte/dienste aan die staatsowerhede die nodige respek en gehoorsaamheid betoon en samewerking gegee word, soos deur 1 Petrus 2 vereis. Hierdie artikel gaan ook nie in op hoe die kerklike ampte met die genoemde Ou-Testamentiese ampte saamhang nie, ewe min op die kenmerke en funksies van die onderskeie ampte/dienste, maar wel op hulle gemeenskaplike kenmerke en funksies.

Die openbaring van God het nie net vir gister waarde nie, maar ook vir vandag. God praat vanuit die raamwerk van gister direk tot ons vandag, sê Deuteronomium 5:2-3: “Die Here ons God het by Horeb ’n verbond met ons gesluit. Dit is nie ons voorvaders met wie Hy ’n verbond gesluit het nie, maar ons, ons almal wat hier is en nou lewe”. Von Rad (1962:112) is van mening dat die hele Ou Testament die vrug van ’n voortdurende herinterpretasie van die vroeëre gebeurtenisse en openbaring is om vir latere tye’n aktuele boodskap te gee. Al sou Von Rad die aspek van herinterpretasie oorbeklemtoon, bly dit waar dat die verbondsgedagte ’n verbondenheid impliseer wat nie eerstens die verlede op die oog het nie, maar dwarsdeur die geslagte loop en ook nou en hier ter sake is (vgl. ook Heb. 3:8, 15; 4:7).

5.2 Die aktuele aard en funksie van die ampte

Die Ou Testament het ’n duidelike onderskeiding van ampte gehad, maar tegelykertyd ’n soepelheid en beweeglikheid volgens die eis van die omstandighede, sodat hulle hulle diensfunksie vir die hele samelewing beter kon uitvoer. Die Nuwe Testament het meer en ander ampte

gehad as die kerk later en vandag (Goumaz, 1964:15-30; vgl. ook Versteeg, 1988:71 dat die Nuwe Testament nie ’n bloudruk oor die amp vir alle tye gee nie, maar wel ’n oriëntasiepunt vir alle tye). In die vroeë kerk het een dienaar soms meer as een diens verrig (Hand. 6:5; 8:33 38; 1 Tim. 5:17; vgl. Spoelstra, 1989:30). Die dienste is so verstrengel dat die skema nie opgaan om die predikantsamp die profeteamp te noem, die ouderlingamp die koninklike amp en die diakenamp die priesterlike nie (vgl. Spoelstra, 1989:30).

Uit die boek Amos en die res van die Ou Testament is dit duidelik dat, hoewel God van “amptelike” ruimtes en strukture gebruik maak, Hy nóg in ’n ampelike ruimte nóg in ’n amptelike struktuur ingebind wil wees (2 Sam. 7; 1 Kron. 6:18; 7:19-22; Ps. 15; Amos). God beoog ’n amp wat die behoeftes van gelowiges (sowel as ander) op die oog het en wat moet dien volgens die eis van die omstandighede, veral sodat reg en geregtigheid aan almal sonder onderskeid geskied. Dit vereis ’n wisselwerking tussen amptelike strukture of instansies enersyds, en die daaglikse lewe andersyds.

Weens hierdie aktuele aard en funksie kan die ampte nie ’n tydlose inkleding hê nie. Om waarlik dienend te kan wees moet hulle by die omstandighede en eise van die tyd aansluit, soos by die posisie, gesagstrukture en woonwyse in die samelewing. Dit laat die vraag ontstaan of vroue se behoeftes in die huidige, tradisionele funksionering van die ampte tot hulle reg kom. In ons huidige samelewing waarin mense as los enkelinge woon, kan ’n vrou se behoeftes nie op dieselfde manier gepeil, verteenwoordig en hanteer word as in ’n samelewingstruktuur waarin patriargale gesag en groepering asook ’n familiegroepering gegeld het nie.

Dit gaan volgens Amos nie bloot om “geestelike” waardes nie, maar om mense se menswees. Amos sê ook wel dat die geestelike behoeftes nie aangespreek word nie, naamlik om net die enige, ware God te ken en te dien volgens sy Woord en dat dit ook regdoen vereis (5:4-8, 14-15). Die afsonderlike lede van die volk moet in hulle volle menswees benader en behandel word. Daarin misluk die “ampte” in Amos se tyd. Die ampsbeklеders is tevrede met die *status quo*, die geykte optrede, dit wat die formele, amptelike, ordelike gesag en gang van dinge gerespekteer, dit wat die ordelike “kanale” volg. So ordelik en sonder steuring werk hierdie kanale dat veronregtes in ’n eie soort kategorie val en daar ander vereistes geld oor hoe ’n mens teenoor hulle optree. Volle menswees impliseer beeld van God wees. Elke mens is die beeld van God, ongeag status of geslag.

5.3 Persoonlike roeping is geanker in die Woord en reik uit na mense

Die boek Amos roep elke "ampsdraer" op om erns te maak met die feit dat hul persoonlik deur God geroep is. Dit vra aandag vir die gesags-karakter, van oorweldig te wees en ook ander mense as 't ware deur die Woord en die geroepenheid te oorweldig. Dit verleen aan die amps-uitoefening/diens 'n dimensie van getuienis wat getuig van deurleefdheid en egtheid. Ampsuitoefening/diens lei nie alleen tot belydenis nie, maar ook 'n getuienis na buite. Martin-Achard (1984:5) merk op: "It is moving to think that his mission, which lasted such a short time, had in the end such reverberations that his ancient words had remained vividly alive throughout twenty-eight centuries right till our time".

Die amp of diens wat Amos voorstaan, is geanker in die Woord. Daarom is dit gekenmerk deur vryheid teenoor bestaande gebruike en optredes en 'n ondersoekende en kritiese instelling, nie alleen teenoor ander nie, maar ook teenoor 'n mens self en jou eie kring. Hierdie instelling vra reformering in die diep en radikale sin van die woord. Verder word hierdie gesindheid gekenmerk deur verantwoordelikheid teenoor die Here en die gelowiges. In so 'n bediening neem die omgang met die Woord 'n belangrike plek in; ook gebed, insluitende voorbidding, en verder gemeenskap van die gelowiges. So 'n bedieningspatroon impliseer nie bloot "amptelike besoeke", soos rondom Nagmaal en doop nie, maar ook dat gelowiges se persoonlike behoeftes op die hart gedra word en dat dit uitloop op besoeke en ander optrede soos omstandighede vereis. Verder veronderstel dit 'n uitreik na buite, na alle mense, om reg en geregtigheid te laat geskied. 'n "Ampsdraer"/dienaar in die Nuwe-Testamentiese bedeling behoort nog meer onder die besef van die dringendheid van die diens te wees, naamlik in diens van Christus wat meer is as engele en as konings en profete (Heb. 1:4-4:13) en as priesters (Heb. 4:14-7:28). Christus is die volkome offer (Heb. 9:23-10:39).

5.4 Die amp van die gelowiges

Amos vra 'n godsdiens wat op die behoeftes van mense afgestem is. Daarvoor word die persoonlike aard van die roeping en die bediening benadruk. 'n Mens sou dus kon sê dat Amos implisiet in die bresse tree vir die amp van die gelowige, maar nie op so 'n wyse dat die gelowige veramptelik word asof hierdie "amp" iets bykomstigs tot sy menswees is nie. Soos "die mens nie vir die Sabbat gemaak is nie, maar die Sabbat vir die mens" (Mark. 2:27), so is die mens nie vir die amp gemaak nie, maar die amp vir die mens (vgl. ook Venter, 1988:106 daaroor dat die persoon wat tot die amp geroep word, eers kind van God en dan

ampsdraer is). Die ampte bestaan nie ter wille van hulleself nie (vgl. ook Versteeg, 1988:57), of ter wille van 'n onpersoonlike saak nie, maar ter wille van die mens se verhouding met God. Die mens moet God persoonlik ken en dien en in 'n verhouding van reg en geregtigheid teenoor sy/haar naaste kan staan. Hierdie verantwoordelikheid van die gelowige, nie bloot teenoor belangrike *sake* nie, moet deur die ampte gedien en gestimuleer word (vgl. ook Versteeg, 1985:22-33, veral 25, oor die koördinerende en stimulerende taak van die amp ten opsigte van die charisma).

Daarmee moet die "amp van die gelowige" ook baie meer tot sy reg kom sodat die "spesialis-" of "vakkennis" in die kerklike lewe en bediening ingeploeg kan word.

Regte ampsbediening vra optrede sonder aansien van persoon of amp. Dit raak nie slegs die getuienis of optrede teenoor die owerheidsamp nie, maar ook en veral in verband met die kerk en teenoor kerklike vergaderings. Kerklike vergaderings word maklik gesien as iets naas en hoër as die gelowiges (wat die eintlike kerk is) en dan moet daar sonder meer na hulle besluite geluister word (vgl. Spoelstra, 1989:24). Ware ampsbediening vra 'n kritiese ingesteldheid teenoor "ons", met ander woorde ruimte vir die tugtigende profetiese stem. Hierdie ingesteldheid staan teenoor 'n neiging by gelowiges om alles te beoordeel in terme van 'n simplistiese reg of verkeerd, vlekkeloos of veroordeel. In hierdie verband kan die vraag gevra word waar die oorsaak lê vir die dualistiese houding in ons kring in verband met sondeskuld. Enersyds is daar 'n sterk formele belydenis van skuld en 'n sterk sondebesef, maar andersyds 'n skerp afwysing van skulderkenning in die praktyk.

5.5 Beginsel en praktyk

'n Sterk nadruk op die ampte het die Gereformeerde Kerke gedien met goeie orde, onderskeiding van wat waar tuishoort en die vrywaring van 'n verkeerde leer. Verder is soepelheid in verband met die ampte in die Gereformeerde Kerke in beginsel vervat in dinge soos die benaming "kerkorde" in plaas van "kerkwet" en die feit dat 'n diaken onder sekere omstandighede as "hulpouderling" kan optree (Dordtse Kerkorde, art. 38). Die vraag is egter of die praktyk nie deur "amptelikheid" gedomineer word nie en of meerdere vergaderings nie te veel met beslegting van regtelike sake verbind word nie. (Vgl. Du Plooy, 1982:263, 413-416 oor die belangrikheid van konkrete gemeenskap, met verwysing na die kollekte vir die kerk in Jerusalem.) Dit is ook 'n vraag of die diakenamp in sy huidige gestalte of funksie vir ons tyd werklik funksioneel is en die behoeftes kan raaksien en hanteer en betrek, veral omdat daar

hoofsaaklik gekyk word deur 'n manlike oog, en daarby 'n onervare jeugdige oog.

5.6 Op die vlak van die plaaslike gemeente

Op die vlak van die plaaslike kerk/gemeente kom die amptelikheid en formeelheid in die hantering van sake na vore in die benaming sowel as die aard van die "afkondigings" wat Sondae van die preekstoel af gemaak word. In die afkondigings word byvoorbeeld die formele aspekte van "aangesluit/vertrek met attestasie" sorgvuldig gehanteer – soms met verdere formele byvoegings soos "en sal na soveel dae afgegee word". Van 'n verwelkoming van die persone is daar gewoonlik nie sprake nie. Kerkrade is ook oor die algemeen veel meer gesteld op die hantering van "ampelike" take na die erediens in die konsistorie as om lidmate en besoekers te gaan akkommodeer.

'n Sterk amptelikheid in benadering blyk verder uit die beswaar wat tot onlangs redelik algemeen teen Bybelstudiegroepe ingebring is omdat hulle nie onder ampstoesig staan nie.

Voorts is daar 'n sterk neiging om in die voorbidding vir lidmate in die erediens lidmate se name heeltemal te vermy en net hulle omstandighede te omskryf. Verder is daar dikwels 'n neiging om gebede met 'n onderrigtende aard te bid ten koste van 'n meer persoonlike aard van pleiting by God.

5.7 Die invloed van sosiologiese omstandighede

Enkele kenmerke van ons tyd wat vir ons onderwerp van belang is, word deur Vorster (1999:15-20) aangedui. Hierdie kenmerke sluit onder andere die volgende aspekte in: verset teen institusionalisme en formalisme; verset teen dehumanisering deur 'n rasionele benadering en die tegniek; verset teen geestelik losgemaak wees van die omgewing en die medemens; en 'n sin vir gemeenskap. Vorster soek die oplossing in 'n verskuiwing van die fokus weg van die makrostuktuur na die plaaslike gemeente. Vir die beweging terug na eenvoud gee Gereformeerdwees vir hom die antwoord: die klem op die plaaslike kerk en op die amp van die gelowige. Verder pleit hy vir leerstellige prediking en katkisasie en vir Gereformeerde spiritualiteit.

Sosiologiese omstandighede oefen 'n invloed uit op die behoefte al dan nie aan amptelikheid. Dit is duidelik uit 'n voorbeeld uit my ervaring vier dekades gelede in veral plattelandse gemeentes waar mense daagliks baie nou saamgeleef het. Hulle het mekaar goed geken en op die voorname genoem, anders as vir ander mense wat veral op hulle vanne aangespreek is. In kerkraadsvergaderings was daar die behoefte om

mekaar as “broeder” aan te spreek om daarmee iets van ’n afstand te skep en saakliker of objektiewer besprekings te kan voer. Die woord “broeder” het sodoende ’n ander betekenis verkry as dié van intieme familiegroepering. Binne die huidige samelewingsopset is die behoefte heeltemal anders en vra dit minder “afstand” in die verhoudinge, nie slegs in kerkraadsvergaderings nie, maar insake verhoudingse of omgang in die algemeen.

5.8 Die Heidelbergse Kategismus

Die Heidelbergse Kategismus help ons om te sien waar die klem moet lê. Christus word gesien as profeet, priester en koning (12:31). Christenwees word omskryf as om deel te hê aan Christus se salwing: om sy Naam te kan bely; jouself as ’n lewende dankoffer aan Hom te kan toewy; teen die sonde en die duiwel te kan stry en hierna met Christus oor alle skepsele te regeer (12:32; ten opsigte van hierdie aspek word nie van “ampte”, of iets dergeliks gepraat, of die woorde “profeet”, “priester” of “koning” gebruik nie). In noue verbinding daarmee volg dat gelowiges aangenome kinders van God is (13:33). Gelowiges is dus nie natuurlike kinders van God nie. Hier is geen sprake van ’n familiale verhouding nie. Tog is gelowiges God se kinders, nie deur goud of silwer gekoop nie, maar deur die kosbare bloed van Jesus Christus (13:34). Ook kragtens ons skepping is ons nie natuurlike kinders van God nie. Ons is wel sy beeld, sy kinders (Gen. 5:1,2), maar daar is tog die “afstand” van Skepper en skepsel, van liggaam en afbeelding daarvan, van voorwerp en skadu daarvan. Dit is opvallend dat Christenwees met werkwoorde verduidelik word en dus ’n funksie aandui, anders as in ’n benadering waarin dit geformaliseer en veramptelik word tot ’n status, soos die neiging soms by ons is.

5.9 Die inrigting van die erediens

Amos neem ook nog die tempeldiens onder die loep. Hoewel hy die tempeldiens skerp veroordeel, het hy dit net so min teen die kultus as sodanig as teen die ampte. Net soos die ampte/dienste die behoeftes van die tyd moet hanteer, so ook die inrigting van die erediens. Waarteen Amos wel waarsku, soos ook in ander gedeeltes in die Ou Testament, is ’n ekklesiologiese dominering van alles en ’n gebrek aan toespitsing op ’n mens se roeping in die sekulêre samelewing en die behoeftes wat daar bestaan.

6. Samevatting en gevolgtrekking

Amos verkondig in ooreenstemming met die gees van die Ou Testament dat instellings/ampte/dienste die mense as mense tot hulle reg moet laat

kom: om beeld van God te wees, synde tot vryheid en verantwoordelikheid geskep. Amos doen nie 'n beroep dat die ampte afgeskaf moet word nie, maar hy skud die ampte tot in die wortel en roep die mense op tot 'n heeltemal nuwe ampsbenadering. Die "ampsbeklеders" moet tot die besef gebring word dat hul nie bloot institusioneel-amptelik of formeel-amptelik geroep is nie, maar dat hul persoonlik geroep is. Hierdie besef impliseer geroepenheid tot 'n godsdiens wat Godgerig en selfondersoekend is, wat in die teken van reformering staan én wat 'n hart het vir die stoflike en geestelike behoeftes van mense, naby en ver, dié wat tot die eie geloofskring behoort sowel as die ander, alles volgens die eis van die omstandighede. Hierdie roeping moet ook in die erediens weerspieël word.

Bibliografie

ALBERTZ, R. 1992a/1992b. Religionsgeschichte Israels in alttestamentlicher Zeit. I/II. Göttingen : Vandenhoeck & Ruprecht. (Grundrisse zum Alten Testament. Das Alte Testament Deutsch – Ergänzungsreihe. 8.1/ 8.2.)

ANDERSEN, F.I. & FREEDMAN, D.N. 1989. Amos. New York : Doubleday. (The Anchor Bible.)

BARTH, C. 1991. God with us: a theological introduction to the Old Testament. Grand Rapids : Eerdmans.

BRUEGGEMANN, W. 1972. In man we trust: the neglected side of Biblical faith. Atlanta : John Knox.

BRUEGGEMANN, W. 1991. Rethinking church models through Scripture. *Theology Today*, 48(2):128-138, July.

DE KLERK, J.J. 1988. Inleiding. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde ampsbediening. Kaapstad : NG Kerkboekhandel. p. 1-6.)

DU PLOOY, A LE ROUX. 1982. Kerkverband: 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Potchefstroom: PUCHO. (Th.D.-Proefskrif.)

DU TOIT, A. 1998. 'n Vraag voor die kerk: moet kerklike ampte verander? *Beeld*: 14, Oktober, 15.

FRICK, F.S. 1977. The city in ancient Israel. Missoula : Scholars Press.

GERBRANDT, G.E. 1986. Kingship according to the Deuteronomistic history. Atlanta : Scholars Press. (SBL Dissertation Series. 87.)

GOUMAZ, L. s.j. (1964?) Het ambt bij Calvijn: een samenvatting naar zijn commentaren op het Nieuwe Testament. Franeker : Wever.

GRABBE, L.L. 1992. Judaism from Cyrus to Hadrian. London : SCM.

HANSON, P.D. 1987. Israelite religion in the early postexilic period. (*In* Miller, P.D., *ed.* Ancient Israelite religion. Philadelphia : Fortress. p. 485-508.)

HASEL, G.F. 1991. Understanding the book of Amos: Basic issues in current interpretations. Grand Rapids : Baker.

HELBERG, J.L. 1990. Waarom Jahwe weier dat Dawid die tempel bou. *In die Skriflig*, 24(2):167-183.

HELBERG, J.L. 1999. Die betekenis van die konsep *land* in die slot van die boek Amos. *In die Skriflig*, 33(2):273-289.

HENTSCHEL, G. 1992. Gott, König und Tempel. Leipzig : Benno Verlag. (Erfürter Theologische Schriften.)

HEYNS, Daleen, 1997a. Space and time in Amos 7: reconcidering the third vision. *Old Testament Essays*, 10(1):27-38.

HEYNS, Daleen, 1997b. Space and time in Amos 8: an ecological reading. *Old Testament Essays*, 10(2):236-251.

KLEYNHANS, E.P.J. 1988. Die kerkregtelike posisie van die amp. (*In* Rossouw, P.J., *red*. Gereformeerde ampsbediening. Kaapstad : NG Kerkboekhandel. p. 166-176.)

KLOPPERS, M.H.O. 1988. Die ontwikkeling van die amp in die Ou Testament. (*In* Rossouw, P.J., *red*. Gereformeerde ampsbediening. Kaapstad : NG Kerkboekhandel. p. 9-23.)

KOENEN, K. 1994. Heil den Gerechten – Unheil den Sündern! Ein Beitrag zur Theologie der Prophetenbücher. (Beihefte zur ZAW. 229.) Berlin : De Gruyter.

MARTIN-ACHARD, R. 1984. Amos & Lamentations: Gods people in crisis. Grand Rapids : Eerdmans. (International Theological Commentary.)

MAYS, J.L. 1974. Amos. (The Old Testament Library.) Philadelphia : Westminster.

OTWSA 27 (1984) & OTWSA 28 (1985). Old Testament Essays. Studies in the Succession Narrative. Van Wyk, W.C., *ed*.

PREUSS, H.D. 1992. Theologie des Alten Testaments. 2. Stuttgart : Kohlhammer.

PRINSLOO, W.S. 1988. Die funksionering van die "amp" in die Ou Testament: die sogenaamde klassieke profete. (*In* Rossouw, P.J., *red*. Gereformeerde ampsbediening. Kaapstad : NG Kerkboekhandel. p. 24-39.)

REIMER, H. 1992. Richtet auf das Recht! Studien zur Botschaft des Amos. Stuttgart : Verlag Katolisches Bibelwerk GmbH. (Stuttgarter Bibelstudien. 149.)

ROTTZOLL, D.U. 1996. Studien zur Redaktion und Komposition des Amosbuches. Berlin : De Gruyter. (Beihefte zur ZAW. 243.)

ROBBERTS, J.J.M. 1987. In defense of the monarchy: the contribution of Israelite kingship to Biblical theology. (*In* Miller, P.D., *ed.* Ancient Israelite religion. Philadelphia : Fortress. p. 377-396.)

SEYBOLD, K. 1984. *Maelaek.* (*In* Botterweck, G.J., Ringgren. H & Fabry, H.-J., *reds*. Theologisches Wörterbuch zum Alten Testament. IV. p. 933-956.)

SMITH, B.K. 1995. Amos. (*In* Smith, B.K. & Page, F.S. Amos, Obadiah, Jonah. The New American Commentary. [Nashville] Broadman & Holman Publishers. p. 23-170.)

SMITH, G.V. 1989. Amos. Grand Rapids : Zondervan.

SOGGIN, J.A. 1971. *Máelaek* König. (*In* Jenni, E. & Westermann, C., *reds.* Theologisches Handwörterbuch zum Alten Testament. I. München : Kaiser Verlag. p. 907-920.)

SOGGIN, J.A. 1987. The prophet Amos. London : SCM.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde kerkreg en kerkregering: handboek by die kerkorde. Hammanskraal : Hammanskraalse Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika.

TALMON, S. 1986. King, cult and calender in ancient Israel. Jerusalem : Magness Press, Hebrew University.

TOFFLER, A. 1990. Powershift: knowledge, wealth and violence at the edge of the 21st century. New York : Bantam Books.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde: 'n verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies.

VAN DER WALT, J.J. 1976. Christus as hoof van die kerk en die presbiteriale kerkregering. Potchefstroom : Pro Rege.

VAN LEEUWEN, C. 1985. Amos. Nijkerk : Callenbach. (Prediking van het Oude Testament.)

VENTER, C.J.H. 1988. Amp en ampsdraer – gesigspunte uit die Nuwe Testament. (*In* Rossouw, P.J., *red*. Gereformeerde ampsbediening. Kaapstad : NG Kerk-boekhandel. p. 95-107.)
VERSTEEG, J.P. 1985. Kijk op de kerk: de structuur van de gemeente volgens het Nieuwe Testament. Kampen : Kok.
VERSTEEG, J.P. 1988. Het karakter van het ampt volgens Efeziërs 4:7-16. (*In* Rossouw, P.J., *red*. Gereformeerde ampsbediening. Kaapstad : NG Kerk-boekhandel. p. 49-74.)
VON RAD, G. 1962. Old Testament Theology. I. Edinburgh : Oliver & Boyd.
VORSTER, J.M. 1999. 'n Waarskynlike bedieningsmilieu vir die GKSA in die dekades na 2000. *In die Skriflig*, 33(1):99-119.
ZOBEL, H-J. 1985. Prophet in Israel und Juda: Das Prophetenverständnis des Hosea und Amos. *Zeitschrift für Theologie und Kirche*, 82:281-299.

Kernbegrippe:

Amos, klem op die persoonlike/individuele roeping
Amos, oor die ampte en die kultus
Amos, sy betekenis vir vandag
gelowiges, amp van
profete, priesters, konings, wyses: verhouding tussen

Key concepts:

Amos, accent on the personal/individual element of one's calling
Amos, its meaning for today
Amos, on the offices and the cult
believers, office of
prophets, priests, kings, wise men: relation between